(4) Any permit issued under this regulation shall be subject to the applicant furnishing the Registrar annually with the information required by regulation ..... and to the requirement that there shall be no deviation from the particulars concerning such importation or exportation, as furnished on the relevant application form.".

17. The following regulation is hereby substituted for regulation 28 of the regulations:

"Prescription books

28. (1) The following particulars shall be recorded in a prescription book or other permanent record in respect of every sale of a medicine or scheduled substance in terms of a prescription issued by a medical practitioner, dentist or veterinarian or by a pharmacist in accordance with the provisions of section 14 (4) or section 22A (4):

(a) The date on which such sale was made;

(b) the name and address of the patient or, in the case of a prescription issued by a veterinarian, the name and address of the person to whom the medicine or scheduled substances was sold;

(c) the name, form of preparation and quantity of the medicine or scheduled substance sold;

(d) in the case of a sale in terms of a prescription issued by a medical practitioner, dentist or veterinarian, the name of the person who issued such prescription as well as the reference number allocated to such sale;

(e) in die geval van die verkoop van 'n Bylae 2-stof in opvolging van 'n skriftelike bestelling ooreenkomstig die bepalings van artikel 22A (4) (b), die naam van die persoon wat sodanige skriftelike bestelling geteken het, asook die verwysingsnommer wat aan sodanige verkoop toegeken is.

(2) 'n Voorskrifboek of ander sodanige *permanente* rekord moet vir 'n tydperk van minstens drie jaar nadat die laaste inskrywing daarin gemaak is, vir inspeksiedoeleindes by die sakeadres van die verkoper beskikbaar gehou word.''.

18. Die regulasies word hierby gewysig deur die volgende regulasie as Regulasie 38 daarby te voeg:

''Opgawes wat ten opsigte van Bylae 6-, Bylae 7- en bepaalde Bylae 5-stowwe verstrek moet word

38. Enige persoon wat 'n medisyne wat uit 'n Bylae 6-, Bylae 7- of Bylae 5-stof soos bepaal in hierdie regulasie, bestaan of dit bevat, invoer, uitvoer, produseer of vervaardig, moet voor of op 28 Februarie van elke jaar 'n opgawe, in die vorm soos hieronder aangedui, aan die Registrateur verstrek waarin die volgende besonderhede aangedui word:

(a) Die hoeveelheid van sodanige stof wat op 1 Januarie van die voorafgaande kalenderjaar in voorraad was;

(b) die hoeveelheid van sodanige stof wat gedurende die voorafgaande kalenderjaar verkry is by wyse van die invoer, produksie of aankope van—

(i) sodanige stowwe (grondstowwe);

(ii) bereidings van sodanige stof gelys in Bylae 6, Bylae 7 of Bylae 5; en

(iii) bereidings van sodanige stof vrygestel van Bylae 6, Bylae 7 of Bylae 5;

(c) die hoeveelheid van sodanige stof waaroor gedurende die voorafgaande jaar beskik is by wyse van uitvoer van—

(i) sodanige stowwe (grondstowwe);

(ii) bereidings van sodanige stof gelys in Bylae 6, Bylae 7 of Bylae 5; en

(iii) bereidings van sodanige stof vrygestel van Bylae 6, Bylae 7 of Bylae 5;

(d) die hoeveelheid van sodanige stof waaroor gedurende die voorafgaande jaar by wyse van gemagtigde vernietiging beskik is;

(e) die hoeveelheid van sodanige stof wat gedurende die voorafgaande jaar gebruik is vir die vervaardiging van—

(i) bereidings van sodanige stof wat in Bylae 6, Bylae 7 of Bylae 5 gelys is, en

(ii) bereidings van sodanige stof wat vrygestel is van Bylae 6, Bylae 7 of Bylae 5.

(f) die hoeveelheid van sodanige stof en bereidings wat sodanige stof bevat, wat op 31 Desember van die betrokke jaar in voorraad gehou is.''.

L.W.:

(1) Alle hoeveelhede moet in die metrieke stelsel as persentasiebasis van die betrokke stof uitgedruk word.

(2) Vir die doeleindes van hierdie opgawe beteken—

''vervaardig'' die bereiding van 'n Kategorie A-medisyne (regulasie 4); en

''produseer'' die ekstrahering of sintetisering van grondstowwe vir Kategorie B-medisyne (regulasie 4).

(3) In die geval van opium en enige bereidings wat opium bevat, moet die hoeveelhede uitgedruk word as opium wat 10 persent anhidriese morfien bevat.

(4) Bereidings wat verkry is deur die vermenging van opiumalkaloïede (bv. omnopon, pantopon en papaveretum) moet as morfien uitgedruk word.

(5) In gevalle waar voorrade namens 'n ander applikant gehou of vervaardig word, moet hierdie feit aangedui word.

(e) in the case of the sale of a Schedule 2 substance in terms of a written order in accordance with the provisions of section 22A (4) (b), the name of the person who signed such written order as well as the reference number allocated to such sale.

(2) A prescription book or such other *permanent* record shall be retained for inspection purposes at the business address of the seller for a period of at least three years after the date of the last entry made therein.''.

18. The regulations are hereby amended by the addition of the following regulation as regulation 38:

''Returns to be furnished in respect of Schedule 6 and Schedule 7 substances and specified Schedule 5 substances

38. Every person who imports, exports, produces or manufactures any medicine containing or consisting of a Schedule 6, Schedule 7 or Schedule 5 substance specified in this regulation shall furnish the Registrar with a return in the form indicated below reflecting the following particulars, on or before 28 February of each year:

(a) The quantity of such substance which was held in stock on 1 January of the preceding calendar year;

(b) the quantity of such substance acquired during the preceding calendar year by the importation, production, or purchase of—

(i) such substance (raw material);

(ii) preparations of such substance under Schedule 6, Schedule 7, or Schedule 5, and

(iii) preparations of such substance exempted from Schedule 6, Schedule 7 of Schedule 5;

(c) the quantity of such substance which was disposed of during the preceding year through the exportation of—

(i) such substance (raw material);

(ii) preparations of such substance under Schedule 6, Schedule 7 or Schedule 5; and

(iii) preparations of such substance exempted from Schedule 6, Schedule 7 or Schedule 5;

(d) the quantity of such substance disposed of during the preceding year through authorised destruction;

(e) the quantity of such substance utilised during the preceding year in the manufacture of—

(i) preparations of such substance in Schedule 6, Schedule 7 or Schedule 5, and

(ii) preparations of such substance exempted from Schedule 6, Schedule 7 or Schedule 5;

(f) the quantity of such substance and preparations containing such substance remaining in stock on 31 December of the preceding year.''.

N.B.:

(1) All quantities to be expressed in metric units as percentage base of the relevant substance.

(2) For the purpose of this return—

''manufacture'' shall mean the manufacture of a Category A (regulation 4) medicine; and

''produce'' shall mean the extraction or synthesis of Category B medicines (regulation 4—raw materials).

(3) In the case of *opium* and any *preparations of opium* quantities shall be expressed in terms of opium containing 10 per cent anhydrous morphine.

(4) Preparations obtained by a mixture of opium alkaloids (e.g. omnopon, pantopon and papaveretum) shall be expressed as morphine.

(5) Where stocks are held or manufacture has been undertaken on behalf of another applicant, this fact shall be indicated.

JAARLIKSE OPGAWE VAN DIE HOEVEELHEDE VAN NARKOTIESE EN PSIGOTROPESTOWWE WAT GEDURENDE DIE JAAR 19..... VERKRY EN VERVAARDIG IS EN WAAROOR BESKIK IS EN WAT OORBLY IN VOORRAAD AAN DIE EINDE VAN DAARDIE JAAR

Stof	Hoeveelheid in voorraad op 1 Januarie			Hoeveelheid verkry			Hoeveelheid uitgevoer			Hoeveelheid vernietig	Hoeveelheid vervaardig		Hoeveelheid in voorraad 31 Desember		
	Stof (grondstof)	Bereidings van die stof	Vrygegestelde bereidings	Ingevoer	Geproduseer	Aangekoop	Stof (grondstof)	Bereidings van die stof	Vrygestelde bereidings		Bereidings	Vrygestelde bereidings	Stof (grondstof)	Bereidings van die stof	Vrygestelde bereidings

ANNUAL RETURN OF THE QUANTITIES OF NARCOTIC AND PSYCHOTROPIC SUBSTANCES ACQUIRED, MANUFACTURED, PRODUCED AND DISPOSED OF DURING THE YEAR 19.... AND REMAINING IN STOCK AT THE END OF THAT YEAR

Substance	Quantity in stock on 1 January			Quantity acquired			Quantity exported			Quantity destroyed	Quantity manufactured		Quantity in stock on 31 December		
	Substance (raw material)	Preparations of such substance	Exempted preparations	Imported	Produced	Purchased	Substance (raw material)	Preparations of such substance	Exempted preparations		Preparations	Exempted preparations	Substance raw material)	Preparations of such substance	Exempted preparations

KENNISGEWING 421 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN VISSERYE

WET OP PLANTTELERSREGTE, 1976 (WET 15 VAN 1976)

ONTVANGS VAN AANSOEKE OM PLANTTELERSREGTE

Ingevolge die bepalings van artikel 13 (1) van die Wet op Planttelersregte, 1976 (Wet 15 van 1976), gelees met regulasie 4 van die Regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing 2630 van 24 Desember 1980 word hiermee bekendgemaak dat die aansoeke om planttelersregte, besonderhede waarvan in die Bylae hierby verskyn, ontvang is.

J. F. VAN WYK, Registrateur van Planttelersregte.

NOTICE 421 OF 1982

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL AND FISHERIES

PLANT BREEDERS' RIGHTS ACT, 1976 (ACT 15 OF 1976)

RECEIPT OF APPLICATIONS FOR PLANT BREEDERS' RIGHTS

In terms of the provisions of section 13 (1) of the Plant Breeders' Rights Act, 1976 (Act 15 of 1976), read with regulation 4 of the Regulations published in Government Notice 2630 of 24 December 1980 it is hereby made known that the applications for plant breeders rights, particulars whereof appear in the Schedule hereto, have been received.

J. F. VAN WYK, Registrar of Plant Breeders' Rights.

BYLAE/SCHEDULE

AANSOEK OM PLANTTELERSREGTE/APPLICATIONS FOR PLANT BREEDERS' RIGHTS

Aansoek No. Application No.	Naam en adres van applikant Name and address of applicant	Soort plant Kind of plant	Voorgestelde benaming Proposed denomination	Naam en adres van agent Name and address of agent	Aansoekdatum Application date
PT 261	Math Tantau, Postfach 45, 2082 Uetersen 1, Fed. Republic of Germany	*Rosa* hort (Roos/Rose)	Tanaloap	J. A. Herholdt, Posbus/P.O. Box 17, Eikenhof, 1872	1982-03-30
PT 262	Meilland et Cie., 134 bd Meilland, 06601 Antibes, France	*Rosa* hort (Roos/Rose)	Meifinaro	*Vide* PT 261	1982-03-30
PT 263	Nieuwoudt Broers, Korhaanshoogte, Citrusdal, 7340	*Citrus* sp. (Soetlemoen/Sweet orange)	Nieuwoudt	P. H. S. van Zijl, Posbus/P.O. Box 43, Ceres, 6835	1982-04-13
PT 264	Dir.-gen.: Landbou en Visserye/Dir.-Gen.: Agric. and Fisheries, P. sak/P. Bag X116, Pretoria, 0001	*Lachenalia* sp. (Lachenalia)	Robyn	Geen/None	1982-04-23
PT 265	*Vide* PT 264	*Vide* PT 264	Rodelein	Geen/None	1982-04-23
PT 266	*Vide* PT 264	*Vide* PT 264	Roklara	Geen/None	1982-04-23
PT 267	*Vide* PT 264	*Vide* PT 264	Rodene	Geen/None	1982-04-23
PT 268	*Vide* PT 264	*Vide* PT 264	Romaud	Geen/None	1982-04-23
PT 269	*Vide* PT 264	*Vide* PT 264	Romelia	Geen/None	1982-04-23
PT 270	*Vide* PT 264	*Vide* PT 264	Ronette	Geen/None	1982-04-23
PT 271	Great Plains Res. Co. Inc., Posbus/P.O. Box 1745, Stillwater, Oklahoma 74076, U.S.A.	*Medicago sativa* (Lusern/Lucerne)	Cimmaron	Agricol Seed Co., Posbus/P.O. Box 300, Brackenfell, 7560	1982-04-27

(25 Junie 1982)/(25 June 1982)

KENNISGEWING 422 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN VISSERYE

WET OP PLANTTELERSREGTE, 1976 (WET 15 VAN 1976)

TERUGTREKKING VAN AANSOEK OM PLANTTELERSREGTE

Ingevolge die bepalings van artikel 13 (2) van die Wet op Planttelersregte, 1976 (Wet 15 van 1976), word hiermee bekendgemaak dat die aansoek om planttelersregte in die Bylae hierby uiteengesit deur die aansoeker teruggetrek is.

J. F. VAN WYK, Registrateur van Planttelersregte.

NOTICE 422 OF 1982

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND FISHERIES

PLANT BREEDERS' RIGHTS ACT, 1976 (ACT 15 OF 1976)

WITHDRAWAL OF APPLICATION FOR PLANT BREEDERS' RIGHTS

In terms of the provisions of sections 13 (2) of the Plant Breeders' Rights Act, 1976 (Act 15 of 1976), it is hereby made known that the application for plant breeders' rights, particulars whereof appear in the Schedule hereto have been withdrawn by the applicant.

J. F. VAN WYK, Registrar of Plant Breeders' Rights.

BYLAE/SCHEDULE

TERUGTREKKING VAN 'N AANSOEK OM 'N PLANTTELERSREG/WITHDRAWAL OF AN APPLICATION FOR A PLANT BREEDERS'S RIGHT

Aansoek No. Application No.	Naam en adres van applikant Name and address of applicant	Soort plant Kind of plant	Voorgestelde benaming Proposed denomination	Naam en adres van agent Name and address of agent	Aansoekdatum Application date
PT 121	Rhodes Fruit Farms, Pk./P.O. Groot-Drakenstein, 7680	*Prunus persica* (Perske/Peach)	Bethlehem cling	Geen/None	1982-05-21

(25 Junie 1982)/(25 June 1982)

KENNISGEWING 425 VAN 1982

TRANS-ELANDSRIVIER-BESPROEIINGSDISTRIK—KIESERSLYS

Die kieserslys vir die Trans-Elandsrivier-besproeiingsdistrik, distrik Groblersdal, Transvaal, soos opgestel deur die Direkteur-generaal van Omgewingsake ingevolge artikel 83 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), word hieronder gepubliseer.

Mnr. H. N. Lansdell, Seksie-ingenieur, Oos-Transvaal-seksie, is ingevolge artikel 84 van genoemde Wet aangestel as kiesbeampte vir die verkiesing van lede van die Besproeiingsraad vir die Trans-Elandsrivier-besproeiingsdistrik. 'n Nominasievergadering vir die verkiesing van vier sodanige lede sal om 10h00 op 23 Julie 1982 in die N.G. Kerkgemeentesentrum, Derde Laan, Marble Hall, gehou word.

Persone wie se name op die kieserslys voorkom, is geregtig om slegs persoonlik te stem, en verteenwoordigers van geregistreerde maatskappye moet bewys lewer dat hulle òf direkteure òf aandeelhouers van sodanige maatskappye is en gemagtig is om sodanige maatskappye te verteenwoordig.

In gevalle waar eienaars gesamentlik stemreg het, moet hulle een uit hulle midde skriftelik aanwys om namens hulle te stem.

Die kieserslys sal hersien word voordat nominasie geskied.

NOTICE 425 OF 1982

TRANS-ELANDS RIVER IRRIGATION DISTRICT.—VOTERS' ROLL

The voters' roll for the Trans-Elands River Irrigation District in the District of Groblersdal, Transvaal, as prepared by the Director-General of Environment Affairs in terms of section 83 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), is published below.

Mr H. N. Lansdell, Circle Engineer, Eastern Transvaal Circle, has, in terms of section 84 of the said Act, been appointed returning officer for the election of members of the Irrigation Board for the Trans-Elands River Irrigation District. A nomination meeting for the election of four such members will be held at 10h00 on 23 July 1982 in the Dutch Reformed Church Congregation Centre, Third Avenue, Marble Hall.

Persons whose names appear on the voters' roll are entitled to vote in person only and representatives of registered companies must produce proof that they are either directors or shareholders of such companies and are authorised to represent such companies.

In cases where owners have a joint vote, they must designate, in writing, one of their number to vote on their behalf.

The voters' roll will be revised before nominations are made.

KIESERSLYS/VOTERS' ROLL

Naam/Name	Ingelyste oppervlakte Scheduled area ha	Getal stemme Number of votes
Basson, Hendrik Daniel	51,40	10
Blancheur Stoetery (Edms.) Bpk.	12,85	3
Coetzee, Anna Catharina Magdalena	51,40	10
Coetzee, Stephanus Paulus Hermanus	25,70	6
Dekmar (Edms.) Bpk.	25,70	6
Duvenhage, Abraham Christiaan	12,80	4
Erasmus, Cornelia Adriana Hester Maria	25,70	6
Greyling, Pieter van Zyl	25,70	6
Jordaan, Albertus Marthinus	25,70	6
Kleynhans, Cornelius Elias	51,40	10
Louw, Heiletjie Maria	12,90	3
Meintjies, David Schalk	25,70	6
Pretorius, Danie Stephanus	25,70	6
Roets, Hendrik Johannes	51,39	10
Scherparabie Farming (Edms.) Bpk.	25,70	6
Scherp Arabie Wildreservaat (Edms.) Bpk.	25,70	6
Serruys, Edgard Paul Desire	51,39	10
Smit, Auguste Wilhelmina	12,80	3
Snyders, Daniël Benjamin	25,70	6
Terblanche, Johan	25,70	6
Van Molendorff, Willem Petrus	51,40	10

KENNISGEWING 426 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

WYSIGING VAN BUITELANDSE PAKKETTARIEFLYS

Ek, Henry Odendal Bester, Posmeester-generaal, handelende kragtens artikel 2B (1) (e) van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958), wysig hierby die Buitelandse Pakkettarieflys ooreenkomstig die onderstaande Bylae.

H. O. BESTER, Posmeester-generaal.

NOTICE 426 OF 1982

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

AMENDMENT OF FOREIGN PARCELS TARIFF

I, Henry Odendal Bester, Postmaster General, acting under section 2B (1) (e) of the Post Office Act, 1958 (Act 44 of 1958), hereby amend the Foreign Parcels Tariff in accordance with the Schedule below.

H. O. BESTER, Postmaster General.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken die uitdrukking "die Buitelandse Pakkettarieflys" die Buitelandse Pakkettarieflys afgekondig by Goewermentskennisgewing 459 van 26 Junie 1981.

2. Die Buitelandse Pakkettarieflys word hierby gewysig deur die inskrywings ten opsigte van die lande aangedui deur die volgende te vervang:

SCHEDULE

1. In this Schedule the expression "the Foreign Parcels Tariff" means the Foreign Parcels Tariff promulgated under Government Notice 459 of 26 June 1981.

2. The Foreign Parcels Tariff is hereby amended by substituting the following for the entries in respect of the countries indicated:

Land van bestemming	Landpospakkettariewe				Lugpospakkettariewe	
	Tot 1 kg	Bo 1 kg tot 3 kg	Bo 3 kg tot 5 kg	Bo 5 kg tot 10 kg	Vir eerste 250 g	Vir elke bykomende 250 g
	R	R	R	R	R	R
Ascension	3,50	5,60	8,90	16,20	Geen lugposdiens	
België	4,30	6,00	8,10	12,20	7,60	2,10
Botswana	2,90	3,80	5,10	6,50	3,40	0,50
Duitsland (Bondsrepubliek)	4,20	5,50	7,70	11,20	5,20	2,00
Groot-Brittanje en Noord-Ierland (met inbegrip van Kanaaleilande en Eiland Man)	3,60	7,50	12,80	21,90	4,90	2,20
Irak	4,50	6,60	10,40	14,90	6,50	2,70
Jordanië	3,60	5,70	8,30	12,70	5,90	2,50
Libanon	7,20	9,30	11,40	15,60	6,30	2,60
Madeira	5,00	7,60	10,70	16,10	5,80	2,00
Malawi	7,30	9,60	12,80	19,90	5,60	0,80
Mexiko	9,20	12,90	16,80	24,50	7,60	3,80
Noorweë	5,00	6,70	8,90	12,90	7,70	2,20
St Helena	3,50	5,60	8,90	16,20	Geen lugposdiens	
Turkye	5,30	7,90	10,90	16,40	6,20	2,40
Zambië	6,60	9,00	11,90	16,20	5,40	0,80
Zimbabwe	4,40	5,90	7,50	10,20	2,10	0,50

3. Die wysigings wat in hierdie Bylae vervat is, tree op 1 Julie 1982 in werking.

Country of destination	Surface-mail parcel tariffs				Airmail parcel tariffs	
	Up to 1 kg	Above 1 kg up to 3 kg	Above 3 kg up to 5 kg	Above 5 kg up to 10 kg	For first 250 g	For each additional 250 g
	R	R	R	R	R	R
Ascension	3,50	5,60	8,90	16,20	No airmail service	
Belgium	4,30	6,00	8,10	12,20	7,60	2,10
Botswana	2,90	3,80	5,10	6,50	3,40	0,50
Germany, Federal Republic	4,20	5,50	7,70	11,20	5,20	2,00
Great Britain and Northern Ireland (inculding Channel Islands and Isle of Man)	3,60	7,50	12,80	21,90	4,90	2,20
Iraq	4,50	6,60	10,40	14,90	6,50	2,70
Jordan	3,60	5,70	8,30	12,70	5,90	2,50
Lebanon	7,20	9,30	11,40	15,60	6,30	2,60
Madeira	5,00	7,60	10,70	16,10	5,80	2,00
Malawi	7,30	9,60	12,80	19,90	5,60	0,80
Mexico	9,20	12,90	16,80	24,50	7,60	3,80
Norway	5,00	6,70	8,90	12,90	7,70	2,20
St Helena	3,50	5,60	8,90	16,20	No airmail service	
Turkey	5,30	7,90	10,90	16,40	6,20	2,40
Zambia	6,60	9,00	11,90	16,20	5,40	0,80
Zimbabwe	4,40	5,90	7,50	10,20	2,10	0,50

3. The amendments contained in this Schedule will come into operation on 1 July 1982.

(25 Junie 1982)/(25 June 1982)

KENNISGEWING 427 VAN 1982

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM GOEDKEURING VIR DIE OPRIGTING VAN NUWE ABATTOIR KRAGTENS ARTIKEL 12 (1) VAN DIE WET OP DIE ABATTOIRBEDRYF, 1976 (WET 54 VAN 1976)

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 12 (1) van die Wet op die Abattoirbedryf, 1976 (Wet 54 van 1976), dat die Munisipaliteit van Port Alfred, Posbus 13, Port Alfred,

NOTICE 427 OF 1982

NOTICE OF APPLICATION FOR APPROVAL FOR THE ERECTION OF A NEW ABATTOIR IN TERMS OF SECTION 12 (1) OF THE ABATTOIR INDUSTRY ACT, 1976 (ACT 54 OF 1976)

It is hereby made known in terms of section 12 (1) of the Abattoir Industry Act, 1976 (Act 54 of 1976), that the Municipality of Port Alfred, P.O. Box 13, Port Alfred,

6170, kragtens artikel 11 van genoemde Wet by die Minister van Landbou en Visserye aansoek gedoen het om goedkeuring vir die oprigting van 'n nuwe abattoir te Port Alfred op die Munisipale Meent, Port Alfred.

Indien die aansoek toegestaan word, sal die abattoir gebruik word vir die slag van agt beeseenhede per dag vir die voorsiening van vleis aan die inwoners van Port Alfred en omgewing.

Iemand wat vertoë of besware in verband met bogenoemde aansoek wil rig, moet sodanige vertoë of besware aan die Voorsitter, Abattoirkommissie, Privaatsak X250, Pretoria, 0001, rig binne 'n tydperk van 30 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing en op die wyse uiteengesit in die regulasies kragtens genoemde Wet uitgevaardig.

Aandag word gevestig op die bepalings van regulasie 11 (6) van die genoemde regulasies wat vereis dat iemand wat vertoë of besware teen 'n aansoek aan die Minister voorlê, terselfdertyd 'n afskrif van die stuk waarin sy besware uiteengesit is op die betrokke applikant moet bestel.

A. R. COCHRANE, namens Voorsitter:
Abattoirkommissie.

L.W.—Die regulasies vereis dat besware onder eed bevestig en in drievoud voorgelê moet word.

(25 Junie 1982)

KENNISGEWING 428 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN VERVOER

WET OP LUGDIENSTE, 1949 (WET 51 VAN 1949), SOOS GEWYSIG

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 5 (a) en (b) van Wet 51 van 1949 en regulasie 5 van die Regulasies vir Bugerlugdienste, 1964, vir algemene inligting bekendgemaak dat die Nasionale Vervoerkommissie die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylaes hieronder verskyn, sal aanhoor.

Vertoë ingevolge artikel 6 (1) van Wet 51 van 1949 ter ondersteuning of bestryding van 'n aansoek moet die Direkteur-generaal: Vervoer (Direktoraat Burgerlugvaart), Privaatsak X193, Pretoria, 0001, en die aansoeker binne 21 dae na die datum van publikasie hiervan bereik en daarin moet gemeld word of die persoon of persone wat aldus vertoë rig, van plan is om die verrigtings by te woon of om daar verteenwoordig te word.

Die Kommissie sal reël dat kennis van die datum, tyd en plek van die verrigtings skriftelik gegee word aan die aansoeker en al die persone wat aldus vertoë gerig het en wat verlang om aldus verteenwoordig of teenwoordig te wees.

BYLAE D

LYS VAN AANSOEKE OM DIE VERANDERING OF WYSIGING VAN LISENSIES

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer word. (C) Besonderhede betreffende die lisensie en die verandering of wysiging daarvan of die voorwaardes daarvan ten opsigte waarvan aansoek gedoen is.

(A) Avex Air (Edms.) Bpk., Posbus 3, Randlughawe, 1419. (B) Avex Air (Edms.) Bpk. (C) Handelslugdienslisensie W123. Onder "Werkskategorieë" voeg by: "Vertikale lugfotografie vir karteringsdoeleindes".

(A) Avex Air (Edms.) Bpk., Posbus 3, Randlughawe, 1419. (B) Avex Air (Edms.) Bpk. (C) Handelslugdienslisensie W123. Onder "Lugvaartuie wat gebruik gaan word" en "Tariefskaal" voeg by: "Cessna 182L ZS-FNW R97 per uur".

6170, has in terms of section 11 of the said Act applied to the Minister of Agriculture and Fisheries for approval for the erection of a new abattoir at Port Alfred on the Municipal Commonage, Port Alfred.

If the application is granted, the abattoir will be used for the slaughter of eight cattle units per day for supplying meat to the residents of Port Alfred and surrounding area.

Any person intending to submit representations or objections in regard to the above-mentioned application shall forward such representations or objections to the Chairman, Abattoir Commission, Private Bag X250, Pretoria, 0001, within a period of 30 days from the date of publication of this notice and in the manner set out in the regulations published under the said Act.

Attention is invited to the provisions of regulation 11 (6) of the said regulations which requires any person who submits objections to an application to the Minister to serve on the applicant concerned a copy of the document in which his objections are set out.

A. R. COCHRANE, for Chairman:
Abattoir Commission.

Note.—The regulations require that objections be affirmed under oath and submitted in triplicate.

(25 June 1982)

NOTICE 428 OF 1982

DEPARTMENT OF TRANSPORT

AIR SERVICES ACT, 1949 (ACT 51 OF 1949), AS AMENDED

Pursuant to the provisions of section 5 (a) and (b) of Act 51 of 1949 and regulation 5 of the Civil Air Services Regulations, 1964, it is hereby notified for general information that the applications, details of which appear in the Schedules hereto, will be heard by the National Transport Commission.

Representations in accordance with section 6 (1) of Act 51 of 1949 in support of, or in opposition to, an application should reach the Director-General: Transport (Directorate Civil Aviation), Private Bag X193, Pretoria, 0001, and the applicant within 21 days of the date of publication hereof stating whether the party or parties making such representation intend to be present or represented at the hearing.

The Commission will cause notice of the time, date and place of the hearing to be given in writing to the applicant and all parties who have made representations as aforesaid and who desire to be present or represented at the hearing.

SCHEDULE D

LIST OF APPLICATIONS FOR THE ALTERATION, MODIFICATION OR AMENDMENT OF LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is operated. (C) Particulars of the lisence and of the alteration, modification or amendment thereto or the conditions thereof which has been applied for.

(A) Avex Air (Pty) Ltd, P.O. Box 3, Rand Airport, 1419. (B) Avex Air (Pty) Ltd. (C) Aerial Work Air Service Licence W123. Under "Categories of Work" add: "Vertical photography for mapping purposes".

(A) Avex Air (Pty) Ltd, P.O. Box 3, Rand Airport, 1419. (B) Avex Air (Pty) Ltd. (C) Aerial Work Air Service Licence W123. Under "Aircraft to be used" and "Tariff of charges" add: "Cessna 182L ZS-FNW R97 per hour".

(A) Avex Air Charter (Edms.) Bpk., Posbus 3, Randlughawe, 1419. (B) Aves Air Charter. (C) Nie-vasgesteldelugvervoerdienslisensie N546. Onder "Lugvaartuie wat gebruik gaan word" en "Tariefskaal" skrap: "Cessna 182Q ZS-KSO en Beech 58 ZS-JEB" en voeg by: "Piper PA23-250 ZS-JHZ 98c per km".

(A) Avex Air Training (Edms.) Bpk., Posbus 3, Randlughawe, 1419. (B) Avex Air Training (Edms.) Bpk. (C) Vliegopleidingslugdienslisensie F955. Onder "Lugvaartuie wat gebruik gaan word" en "Tariefskaal" skrap: "Piper PA28-180 ZS-DZW en Cessna 182Q ZS-KSO" en voeg by:

"Lugvaartuig	*Tarief: R/uur*	
	Enkelstuur	*Dubbelstuur*
Cessna 150D ZS-DWC	50	72
Cessna 182L ZS-FNW	75	97
Grumman American Aviation AA-5 ZS-IXS	50	72
Piper PA28-140 ZS-EVP	55	77".

(A) Angalp-Air (Edms.) Bpk., Posbus 781868, Sandton, 2146. (B) Angalp-Air (Edms.) Bpk. (C) Nie-vasgesteldelugvervoerdienslisensie N443. Onder "Lugvaartuie wat gebruik gaan word" skrap: "Rockwell Commander 690C ZS-KZP" en voeg by: "Gulfstream Commander 690D ZS-KZT".

(A) Namakwaland Lugdiens (Edms.) Bpk., Posbus 28, Springbok, 8240. (B) Namakwaland Lugdiens (Edms.) Bpk. (C) Vasgestelde-lugvervoerdienslisensie S294. Onder "Roetes wat gevlieg gaan word" skort onderstaande op: "Retoervlugte tussen Kaapstad en Springbok op Saterdag en Alexanderbaai as 'n versoekstop op die Kaapstad–Kleinzee-roete, slegs op Maandag en Vrydag".

(A) Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, Posbus 7778, Johannesburg, 2000. (B) Suid-Afrikaanse Lugdiens. (C) Vasgestelde-lugvervoerdienslisensie S704. Onder "Roetes wat gevlieg gaan word" voeg by: "1(h) tussen Johannesburg, Rio de Janeiro en Buenos Aires, in enige volgorde en kombinasie, òf direk òf via Kaapstad".

(A) S.W.A. Water- en Elektrisiteitskorp. (Edms.) Bpk., Posbus 2864, Windhoek, 9100. (B) S.W.A. Water- en Elektrisiteitskorp. (Edms.) Bpk. (C) Nie-vasgesteldelugvervoerdienslisensie N119. Onder "Lugvaartuie wat gebruik gaan word" skrap: "Cessna 421C ZS-JTK en Bell 206B ZS-HHW" en voeg by: "Beech B200 ZS-LIL en Bell 206B ZS-HKE".

(25 Junie 1982)

KENNISGEWING 432 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN NYWERHEIDSWESE, HANDEL EN TOERISME

WET OP STANDAARDE, 1982

VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR HUISHOUDELIKE KOOLSTOWE EN -VERWARMERS

Kragtens artikel 16 (3) van die Wet op Standaarde, 1982, word hierby bekendgemaak dat die Adjunk-minister van Finansies en van Nywerheidswese, Handel en Toerisme voornemens is om die standaardspesifikasie in die Bylae tot 'n verpligte spesifikasie te verklaar.

Die uitwerking van sodanige verklaring is dat geen persoon, vanaf 'n datum wat vasgestel moet word, behalwe op die gesag van 'n geldige vrystellingspermit enige huishoudelike koolstowe en -verwarmers mag verkoop wat nie in alle opsigte aan die vereistes van die verpligte spesifikasie voldoen nie.

Enige persoon wat teen die bepalings van die voorgestelde verpligte spesifikasie beswaar wil maak, moet sy beswaar binne twee maande na die datum van die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik aan die Direkteur-generaal, Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak X191, Pretoria, 0001, voorlê.

(A) Avex Air Charter (Pty) Ltd, P.O. Box 3, Rand Airport, 1419. (B) Avex Air Charter (Pty) Ltd/Grand Central Air Charter. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence N546. Under "Aircraft to be used" and "Tariff of charges" delete: "Cessna 182Q ZS-KSO and Beech 58 ZS-JEB" and add: "Piper PA23-250 ZS-JHZ 98c per km".

(A) Avex Air Training (Pty) Ltd, P.O. Box 3, Rand Airport, 1419. (B) Avex Air Training (Pty) Ltd. (C) Flying Training Air Service Licence F955. Under "Aircraft to be used" and "Tariff of charges" delete: "Piper PA28-180 ZS-DZW and Cessna 182Q ZS-KSO" and add:

"Aircraft	*Tariff: R/hour*	
	Solo	*Dual*
Cessna 150D ZS-DWC	50	72
Cessna 182L ZS-FNW	75	97
Grumman American Aviation AA-5 ZS-IXS	50	72
Piper PA28-140 ZS-EVP	55	77".

(A) Angalp-Air (Pty) Ltd, P.O. Box 781868, Sandton, 2146. (B) Angalp-Air (Pty) Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence N443. Under "Aircraft to be used" delete: "Rockwell Commander 690C ZS-KZP" and add: "Gulfstream Commander 690D ZS-KZT".

(A) Namakwaland Lugdiens (Pty) Ltd, P.O. Box 28, Springbok, 8240. (B) Namakwaland Lugdiens (Pty) Ltd. (C) Scheduled Air Transport Service Licence S294. Under "Routes to be flown" suspend: "Return flights between Cape Town and Springbok on Saturdays and Alexander Bay as request stop on Cape Town–Kleinzee route, only on Mondays and Fridays".

(A) South African Transport Services, P.O. Box 7778, Johannesburg, 2000. (B) South African Airways. (C) Scheduled Air Transport Service Licence S704. Under "Routes to be flown" add: "1(h) between Johannesburg, Rio de Janeiro and Buenos Aires, in any sequence or combination, either direct or via Cape Town".

(A) S.W.A. Water and Electricity Corp. (Pty) Ltd, P.O. Box 2864, Windhoek, 9100. (B) S.W.A. Water and Electricity Corp. (Pty) Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence N119. Under "Aircraft to be used" delete: "Cessna 421C ZS-JTK and Bell 206B ZS-HHW" and add: "Beech B200 ZS-LIL and Bell 206B ZS-HKE".

(25 June 1982)

NOTICE 432 OF 1982

DEPARTMENT OF INDUSTRIES, COMMERCE AND TOURISM

STANDARDS ACT, 1982

COMPULSORY SPECIFICATION FOR DOMESTIC COAL-BURNING STOVES AND HEATERS

Notice is hereby given in terms of section 16 (3) of the Standards Act, 1982, that the Deputy Minister of Finance and of Industries, Commerce and Tourism intends to declare the standard specification contained in the Schedule to be a compulsory specification.

The effects of such declaration is that as from a date to be specified no person shall, except on the authority of a valid exemption permit, sell any domestic coal-burning stoves and heaters that do not comply in all respects with the requirements of the compulsory specification.

Any person who wishes to object to the provisions of the proposed compulsory specification shall submit his objection in writing to the Director-General, South African Bureau of Standards, Private Bag X191, Pretoria, 0001, within two months from the date of publication of this notice.

BYLAE

VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR HUISHOUDELIKE STEENKOOLSTOWE EN -VERWARMERS

1. BESTEK.

1.1 Hierdie spesifikasie dek die prestasievereistes vir huishoudelike steenkoolstowe en -verwarmers wat die minimum hoeveelheid rook tydens gebruik uitlaat.

2. WOORDBEPALING.

2.1 Die volgende woordbepalings geld vir die doel van hierdie spesifikasie:

Toestel. 'n Huishoudelike stoof of verwarmer van 'n tipe wat in 3.1 beskryf word.

Steenkool. Bitumineuse tipe steenkool of antrasiet.

Hittewisselaar. 'n Waterverwarmingseenheid wat bedoel is vir verbinding, met behulp van waterpype, aan 'n afsonderlike warmwateropgaartenk.

Verwarmer. 'n Ruimteverwarmer of waterverwarmer.

3. ALGEMENE WERKING.

3.1 TIPE, WERKING EN ONTWERP.

3.1.1 *Tipe*. Die toestel moet een van die volgende tipes wees:

(a) *'n Waterverwarmer* van die hittewisselaartipe.

(b) *'n Ruimteverwarmer*.

(c) *'n Stoof* wat enige van of al die volgende bevat:

(1) 'n Hittewisselaar;

(2) een of meer oonde;

(3) indien die kookoppervlak groot genoeg is sodat twee of meer stukke apparaat daarop geplaas kan word, 'n prutoppervlak.

3.1.2 *Werking*. 'n Toestel moet met minstens een van die volgende grade kommersieel beskikbare steenkool kan werk:

Groot neutsteenkool;

neutsteenkool;

gruissteenkool, of antrasiet.

Toestelle moet ontwerp wees vir òf onderbroke werking òf kontinuwerking. Elke toestel moet op 'n praktiese wyse aangesteek kan word (kyk 6.2.3).

3.1.3 *Ontwerp*. Die ontwerp moet sodanig wees dat—

(a) alle komponente (soos roosters, dempers, ens.) wat die gebruiker skoonmaak of versien, maklik bereik kan word;

(b) dele wat nie permanent vas is nie of wat bedoel is om tydens gebruik of vir skoonmaak- en versteldoeleindes afgehaal te word, maklik reg teruggesit kan word maar moeilik verkeerd saamgestel kan word;

(c) die hoofskoorsteendemper die rookgasroete na die hoofskoorsteengang nie heeltemal kan afsluit nie en dat wanneer dit heeltemal toe is, daar in alle toestande 'n onverstelbare oop deel is wat groot genoeg is om te verhoed dat die verbrandingsprodukte deur die brandstofhouer terugvloei;

(d) die primêre verbrandingslug so gekontroleer word dat dit in 'n rigting vloei wat die verbrandingsprodukte en die vlamme weg van enige onaangesteekte steenkool af sal laat beweeg;

(e) die brug van die brandstofhouer vervangbaar is en sonder die gebruik van spesiale gereedskap vervang kan word.

3.2 OONDE.

3.2.1 *Algemeen*. Oonde moet so ontwerp wees dat hulle geskik vir bakdoeleindes is.

SCHEDULE

COMPULSORY SPECIFICATION FOR DOMESTIC COAL-BURNING STOVES AND HEATERS

1. SCOPE.

1.1 This specification covers the performance requirements for domestic coal-burning stoves and heaters that operate with the minimum of smoke emission.

2. DEFINITIONS.

2.1 For the purposes of this specification the following definitions shall apply:

Appliance. A domestic stove or heater of a type described in 3.1.

Coal. A bituminous type of coal or anthrasite.

Heat exchanger. A water heating unit intended for connection by means of water piping to a separate hot water storage tank.

Heater. A space heater or a water heater.

3. GENERAL OPERATION.

3.1 TYPE, OPERATION AND DESIGN.

3.1.1 *Type*. The appliance shall be of one of the following types:

(a) *A water heater* of the heat exchanger type.

(b) *A space heater*.

(c) *A stove* that incorporates any or all of the following:

(1) A heat exchanger;

(2) one or more ovens;

(3) when the cooking surface is of sufficient size to accommodate two or more utensils, a simmering area.

3.1.2 *Operation*. An appliance shall be capable of operating on at least one of the following grades of commercially available coal:

Large nuts;
nuts;
peas, or anthrasite.

Applicances shall be designed for either intermittent operation or continuous operation. Each appliance shall be capable of being lit up in a practical manner (see 6.2.3).

3.1.3 *Design*. The design shall be such that—

(a) all components (such as grates, dampers, etc.) that may require cleaning or servicing by the user are readily accessible;

(b) parts that are not permanently secured or are intended to be removed in use or for the purpose of cleaning and adjustment are easily replaced correctly but are difficult to assemble incorrectly;

(c) the main flue damper cannot completely close the flue gas route to the main flue and when fully shut allows, under all conditions, an unadjustable open area that is large enough to prevent products of combustion from flowing back through the fuel box;

(d) the primary combustion air is so controlled as to flow in a direction that will allow the products of combustion and the flames to move away from any unignited coal;

(e) the fire box bridge is replaceable and can be replaced without the use of special tools.

3.2 OVENS.

3.2.1 *General*. Ovens shall be so designed as to be fit for the purpose of baking.

3.2.2. *Sterkte van deure*. Deure en die skarniere daarvan moet van stewige konstruksie wees en moet so wees dat daar by die toets van afslaandeure en swaaideure volgens 6.9.1 en 6.9.2 onderskeidelik—

(a) geen blywende vervorming is wat aan die behoorlike passing van die deur afbreuk sal doen nie; en

(b) geen swigting van die skarniere is nie.

3.3 HITTEBESTANDHEID. Die verbrandingskamer, skeimuur, roosters en bybehorende onderdele moet van sodanige materiaal en konstruksie wees dat daar by die toets van die toestel volgens 6.8 geen barsvorming, kromtrekking, vervorming, erosie of enige ander permanente beskadiging is wat aan die werking van die toestel afbreuk kan doen nie.

4. PRESTASIEVEREISTES.

4.1 ROOKUITLATING. By die meet van vertroebeling volgens 6.7, voor sowel as na die uithoutoets in 6.8, moet die tempo van rookuitlating van 'n toestel sodanig wees dat—

(a) die gemiddelde waarde nie 15 persent oorskry nie gedurende—

(1) die 20 minute onmiddellik na aansteek; en

(2) die 10 minute onmiddellik na brandstofherinname;

(b) die gemiddelde waarde gedurende die 2-minuuttydperk van grootste rookuitlating in (a) (1) hierbo en gedurende ooreenstemmende tydperk in (a) (2) hierbo nie 40 persent oorskry nie; en

(c) die maksimum waarde gedurende enige ander tydperk van die toetssiklus nie 10 persent oorskry nie.

4.2 HITTEVERSPREIDING (STOWE).

4.2.1 *Kookoppervlak*. By die toets van die stoof volgens 6.3, moet die hitteverspreiding oor die kookoppervlak van 'n stoof sodanig wees dat die tyd wat nodig is om die temperatuur van die water tot by 90 °C te laat styg, nie die toepaslike van die volgende oorskry nie:

(a) Gedurende die aansteektyd (en, indien toepaslik, die hersteltyd): 20 minute;

(b) gedurende die verwarmingstyd of -tye, soos toepaslik, gemiddeld 15 minute en afsonderlik 20 minute.

4.2.2 *Prutoppervlak*. Die hitteverspreiding oor 'n prutoppervlak gedurende die 4-uur- en 6-uur-verwarmingstyd [kyk 6.2.4 (b) en (e)] moet sodanig wees dat die stoof in die toets in 6.4 slaag.

4.2.3 *Oonde*. By die toets van 'n stoof met 'n bakoond of -oonde volgens 6.5—

(a) mag die tye wat nodig is sodat die oond(e) 'n temperatuur van 200 °C en 250 °C kan bereik, onderskeidelik nie 1,5 uur en 2 uur oorskry nie; en

(b) moet die hitteverspreiding in die oond(e) sodanig wees dat die resultate van die baktoets soos volg is:

(1) *Botterbroodjies*. Die botterbroodjies het tot 'n hoogte van minstens 25 mm gerys en is bo en onder bruin.

(2) *Brood*. Die brode het egalig gerys, het 'n egalige tekstuur wat nòg te oop nòg te toe is, 'n goue kleur (wat egalig is behalwe dat dit bo effens donkerder is) en 'n kors wat hoogstens 3 mm dik is.

(3) *Bordtert*. Die boonste en onderste kors is goed gaar en egalig bruin (sonder enige teken van aanbranding) en die vrugte is heeltemal gaar.

4.3 HITTELEWERING VAN HITTEWISSELAARS OP STOWE. Volgens 6.6 bepaal, moet die totale lewering van 'n hittewisselaar op 'n stoof minstens 60 MJ wees.

3.2.2 *Strength of doors*. Doors and their hinges shall be of sturdy construction and such that when a drop door and a swing door are tested in accordance with 6.9.1 and 6.9.2 respectively, there shall be—

(a) no permanent set that will impair proper door fit; and

(b) no failure of the hinges.

3.3 HEAT RESISTANCE. The combustion chamber, dividing wall, grates and associated parts shall be of such material and construction that, when the appliance is tested in accordance with 6.8, there will be no cracking, buckling, warping, erosion, or any other permanent damage that could impair the operation of the appliance.

4. PERFORMANCE REQUIREMENTS.

4.1 SMOKE EMISSION. The rate of smoke emission of an appliance shall be such that, when obscuration is measured in accordance with 6.7, both before and after the endurance test given in 6.8—

(a) the average value does not exceed 15 per cent during—

(1) the 20 minutes immediately after lighting-up; and

(2) the 10 minutes immediately after refuelling;

(b) the average value does not exceed 40 per cent during the 2 minutes period of greatest smoke emission in (a) (1) above and during the similar period in (a) (2) above; and

(c) The maximum value during any other period of the test cycle does not exceed 10 per cent.

4.2 HEAT DISTRIBUTION (STOVES).

4.2.1 *Cooking surface*. The heat distribution over the cooking surface of a stove shall be such that, when the stove is tested in accordance with 6.3, the periods required for the temperature of the water to rise to 90 °C do not exceed the appropriate of the following:

(a) During the lighting-up period (and, when relevant, the revival period): 20 min;

(b) during the heating period or periods, as relevant, average 15 min and individual 20 min.

4.2.2 *Simmering area*. The heat distribution over a simmering area during the 4 h and 6 h heating periods [see 6.2.4 (b) and (e)] shall be such that the stove passes the test in 6.4.

4.2.3 *Ovens*. When a stove having a baking oven or ovens is tested in accordance with 6.5—

(a) the periods required for the oven(s) to reach temperatures of 200 °C and 250 °C shall not exceed 1,5 h and 2 h respectively; and

(b) the heat distribution in the oven(s) shall be such that the results of the baking test are as follows:

(1) *Scones*. The scones rise to a height of at least 25 mm, and are browned at the top and at the bottom.

(2) *Bread*. The loaves are evenly risen, and have a uniform texture that is neither too close nor too open, a golden colour (that is uniform except for slight deepening of the colour on top), and a crust of thickness not exceeding 3 mm.

(3) *Plate tart*. Both the upper and the lower crusts are well cooked and evenly browned (with no sign of burning) and the fruit is cooked through.

4.3 HEAT OUTPUT OF HEAT EXCHANGERS ON STOVES. The total output of a heat exchanger fitted to a stove shall, when determined in accordance with 6.6, be at least 60 MJ.

5. MERKE.

Die volgende besonderhede moet leesbaar en op duursame wyse op elke toestel aangebring wees:

(a) Die fabrikant se naam of handelsnaam of handelsmerk;

(b) die graad brandstof waarvoor dit bedoel is (kyk 3.1.2); en

(c) indien toepaslik, dat die stoof slegs vir onderbroke werking bedoel is.

6. ONDERSOEK EN TOETSMETODES.

6.1 ONDERSOEK. Ondersoek die toestel vir voldoening aan al die vereistes van 3.1.3 en 3.2.

6.2 TOETSTOESTANDE.

6.2.1 *Toetsbrandstof.* Gebruik enige luggedroogde kommersieel beskikbare steenkool van 'n graad wat die fabrikant aanbeveel (kyk 3.1.2).

6.2.2 *Voorbereiding van toestel.*

(a) Voorsien die toestel van 'n skoorsteen (met dieselfde diameter as dié van die skoorsteenuitlaat van die toestel) wat in die toetskamer uitloop en 2,5 ± 0,01 m lank is.

(b) Gebruik 'n toepaslike resudeerder, indien toepaslik, en installeer die apparaat wat vir die rookuitlaattoets nodig is (kyk 6.7.1 en 6.7.2) bo-op die skoorsteen.

(c) Voorsien die skoorsteeen van 'n kap wat òf natuurlik òf meganies ontlug word. Indien 'n meganies ontlugte kap gebruik word, maak seker dat die suiging in die skoorsteen, voordat die brandstof aangesteek word, nie 1 Pa oorskry nie.

(d) Verbind (soos in 6.6 beskryf) die hittewisselaar of waterverwarmer, soos toepaslik, met 'n waterbron.

(e) In die geval van 'n stoof met 'n oond of oonde, plaas ongeveer in die middel van elke oond 'n termokoppel waarvan die voelelement in 'n swartgemaakte dunwandbol met 'n buitediameter van 25 ± 5 mm toegemaak is en wat met 'n temperatuurregistreerinstrument verbind is.

6.2.3 *Aansteekmetode.* Volg 'n aansteekmetode wat met die fabrikant se aanwysings ooreenstem.

6.2.4 *Werking van die toestel.* Gebruik 'n toetssiklus wat, in die geval van stowe wat vir kontinuwerking bedoel is, die tye in (a)–(e) hieronder omvat en, in die geval van stowe wat vir onderbroke werking bedoel is en alle ander toestelle, die tye in (a) en (e) hieronder omvat. Maak in alle gevalle seker dat die toetssiklus nie onderbreek word nie. (Kyk ook 6.6.2 en 6.7.3.)

(a) *30-minuut-aansteektyd.* Steek die vuur volgens die fabrikant se aanwysings (kyk 6.2.3) aan en laat dit goed brand. Stel die demperkontrole(s) in 'n posisie wat 'n verbrandingstempo bewerkstellig wat die vuurbedding oor 'n tydperk van 30 minute sal laat ontwikkel. Krap die as van die kole af en maak die brandstofhouer weer heeltemal vol. [In die geval van 'n stoof, kyk ook 6.3.2 (b).]

(b) *4-uur-verwarmingstyd.* Stel die demperkontrole(s) sodat die maksimum verbrandingstempo verkry word en hou hierdie tempo tydens die verwarmingstyd vol deur die rooster met gereelde tussenpose, maar hoogstens een maal elke uur, te skud. Giet brandstof in die toestel wanneer dit nodig is. [Kyk ook 6.3.2 (c) en 6.4.2.]

(c) *8-uur-opbanktyd.* Krap die as uit en maak die brandstofhouer weer heeltemal vol. Stel die demperkontrole(s) na 15 minute sodat 'n geskikte volgehoue verbrandingstempo verkry word en laat die toestel 8 uur lank onaangeraak werk.

5. MARKING.

Each appliance shall be legibly and durably marked with the following:

(a) The manufacturer's name, or trade name or trade mark;

(b) the grade of fuel for which it is intended (see 3.1.2); and

(c) when relevant, that the stove is intended for intermittent operation only.

6. INSPECTION AND METHODS OF TEST.

6.1 INSPECTION. Inspect the appliance for compliance with all the requirements of 3.1.3 and 3.2.

6.2 CONDITIONS OF TEST.

6.2.1 *Test fuel.* Use any air-dried commercially available coal of a grade recommended by the manufacturer (see 3.1.2).

6.2.2 *Preparation of appliance.*

(a) Fit the appliance with a chimney (of the same diameter as that of the flue exhaust of the appliance) that terminates inside the test room and that has a length of 2,5 ± 0,01 m.

(b) Using an appropriate reducer, when relevant, install on the chimney the apparatus required for the smoke emission test (see 6.7.1 and 6.7.2).

(c) Equip the chimney with a hood that is vented either naturally or mechanically. When a mechanically vented hood is used, ensure that the suction on the chimney, before the fuel is ignited, does not exceed 1 Pa.

(d) Connect (as described in 6.6) the heat exchanger or water heater, as applicable, to a water supply.

(e) In the case of a stove having an oven or ovens, place in approximately the centre of each oven a thermocouple that is connected to a temperature-indicating instrument and whose sensitive element is enclosed in a thin-walled blackened bulb of outside diameter 25 ± 5 mm.

6.2.3 *Method of lighting-up.* Use a method of lighting-up that is in accordance with the manufacturer's instructions.

6.2.4 *Operation of the appliance.* Use a test cycle that comprises, in the case of stoves intended for continuous operation, the periods detailed in (a)–(e) below, and in the case of stoves intended for intermittent operation and all other appliances, the periods given in (a) and (e) below, ensuring that, in all cases, there is no discontinuity in the test cycle. (See also 6.6.2 and 6.7.3.)

(a) *30 min lighting-up period.* Light the fire in accordance with the manufacturer's instructions (see 6.2.3) and allow the fire to become established. Set the damper control(s) in a position that provides a combustion rate that will allow the fire-bed to develop over a period of 30 min. De-ash the fire and refill the fuel box to maximum capacity. [In the case of a stove, see also 6.3.2 (b).]

(b) *4 h heating period.* Adjust the damper control(s) to provide the maximum combustion rate, and maintain this rate throughout the heating period by riddling the grates at intervals but not more frequently than once every hour. Refuel the appliance when necessary. [See also 6.3.2 (c) and 6.4.2.]

(c) *8 h banking period.* De-ash the fire and refill the fuel box to maximum capacity. After 15 min adjust the damper control(s) to provide a suitable maintenance rate of combustion, and allow the appliance to operate, untouched, for 8 h.

(d) *30-minuut-hersteltyd*. Krap die as uit, maak die brandstofhouer weer heeltemal vol, stel die demperkontrole(s) soos in (a) hierbo en laat die vuurbedding oor 'n tydperk van 30 minute herstel. [Kyk ook 6.3.2 (c).] Krap weer die as uit en maak die brandstofhouer weer heeltemal vol.

(e) *6-uur-verwarmingstyd*. Stel die demperkontrole(s) soos in (b) hierbo. [In die geval van 'n stoof, kyk ook 6.3.2 (d) en 6.4.2.] In die geval van 'n stoof wat een of meer oonde het, stel die demperkontrole(s) van die oond of van elke oond, soos toepaslik, sodat die temperatuur daarvan teen die maksimum tempo styg en verstel, na afloop van die toets in 6.5.2, hierdie kontroles, skud die rooster en gooi brandstof in die toestel wanneer dit nodig is, sodat die oondtemperature wat vir die baktoets (6.5.3) vereis word, gehandhaaf word. [Kyk ook 6.3.2 (d).]

6.3 TOETS VIR HITTEVERSPREIDING OOR DIE KOOKOPPERVLAK VAN 'N STOOF.

6.3.1 *Apparaat*.

